DIE ONBEKENDE KANT VAN GOD SE LIEFDE

(a) (Die onbekende God) 28-06-2026

<u>Wat is volgens ons die definisie van liefde?</u>

1. Verdraagsaamheid
2. Omgee
3. Vergewensgesindheid
4. Lankmoedigheid
5. Vrygewigheid
6. Barmhartigheid
7. Ens.

Dit is wel alles eienskappe van God, maar dit is wat **ons** hele begrip van liefde vorm.

Lukas *6:29-36 Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied; en aan hom wat jou bo-kleed neem, moet jy ook die onderkleed nie weier nie. (30) Maar gee aan elkeen wat jou iets vra, en eis jou goed nie terug van hom wat dit neem nie. (31) En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen. (32) En as julle dié liefhet wat vir julle liefhet, watter dank het julle? Want die sondaars het ook dié lief wat vir hulle liefhet. (33) En as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen, watter dank het julle? Want die sondaars doen ook dieselfde. (34) En as julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter dank het julle? Want die sondaars leen ook aan die sondaars, om net soveel terug te ontvang. (35) Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is*

goedertieren oor die ondankbares en slegtes. (36) Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.

Wat is egter die definisie van liefde?

- God is liefde.
- God is die definisie van liefde, maar God is baie meer as wat hier genoem word, omdat ons net dit noem waarvan ons hou.

Ons hou van die sagte eienskappe wat vir ons tot voordeel is, maar ons vermy en ontken ander eienskappe van God, wat dan ook eienskappe van liefde is, ter wille van onsself, maar wanneer ons dan dink dat ons besig is met liefde, is dit net die een kant van liefde.

- God haat ook.

Dit is vir ons ‘n krisis, want ons dink haat is sonde, maar dan doen God sonde.

- God is ‘n God van wraak ook.

Dit is ook vir ons ‘n krisis, want in ons begrip is Hy ‘n God van liefde en daarom het Hy nie wraak nie, **maar in teenstelling met dit het Hy wraak, OMDAT Hy liefde is**.

- Dit beteken dat deel van liefde, wraak is.
- Dit beteken dat deel van liefde, haat is.

As ek dus haat uit die eienskappe van liefde haal, is dit nie ware Goddelike liefde nie.

- Dit beteken as God/ek liefhet, sal ek haat ook.

- Dit beteken as God/ek liefhet, maar nie haat nie, het ek nie regtig lief nie.

As ek God liefhet, sal ek haat ook en as ek nie haat nie, het ek ook nie waarlik lief nie.

As ek Godlief het, sal ek die wêreld haat en as ek die wêreld liefhet, sal ek God haat. **As ek bely dat ek God liefhet maar nie die wêreld haat nie, het ek God nooit liefgehad nie.**

Omdat God my liefhet, is Hy jaloers. As Hy nie jaloers was nie, is dit nie liefde nie en het Hy my nie lief nie. Ek kan nie my vrou liefhê sonder om jaloers op haar te wees nie, want dan het ek haar nie lief nie. **Dit is die pakket van liefde.**

<u>God is liefde en Hy kan nie verander nie – liefde kan nie verander nie, maar liefde is dit wat God is.</u>

Efésiërs *2:4-5 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, (5) ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—*

Dus, elke keer wat ons lees van God se liefde, moet ons besef en onthou dat dit ‘n volledige pakket is. Hy is genadig, maar Hy is ook wraakgierig. Hy is genadig, maar Hy is ook geregtigheid. As ek na Hom as ‘n genadige God gaan om my te help, maar ek lewe in ongeregtigheid, wat is my verwagting?

Wanneer iemand ‘n geliefde van my sou skade doen, ontstaan daar wraak in my, <u>dit is die gevolg van liefde</u>. Dit is die pakket van liefde. Ons almal worstel egter met hierdie wraak in ons, omdat ons nie wraak mag neem nie.

Waarom is daar wraak in liefde? As gevolg van geregtigheid. Liefde kan net binne geregtigheid gebeur, want wanneer daar binne liefde ongeregtigheid gebeur, moet dit reggemaak word ter wille van die geregtigheid wat binne in die liefde leef, anders kan die liefde nie bestaan nie.

Voorbeeld: ‘n Geliefde van jou word wreed verkrag en dan vermoor deur ‘n bende, maar omdat hierdie bende die regter omkoop word hulle nie vervolg nie en… daar is geen geregtigheid nie, want wraak kon nie gebeur nie. Wat ons wil hê is dat daardie misdadigers moet boet, met hulle lewens, vir wat hulle gedoen het al gaan dit nie die dogter terugbring nie.

Dit is wraak en dit is in geregtigheid en dit is as gevolg van liefde. As die pa van die dogter nou in die nag gaan en die regter doodmaak en die bende uitroei, sal hy tevrede wees, want geregtigheid het geskied. Wraak het gebeur as gevolg van sy liefde vir sy dogter.

Die risiko en gevaar van liefde, is wraak wanneer daardie liefde beskadig word.

Spreuke *6:32-35 Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, hy doen so iets; (33) slae en skande sal hy kry, en sy smaad sal nie uitgewis word nie; (34) want jaloersheid is ‘n toorngloed in ‘n man, en op die dag van wraak verskoon hy nie; (35) hy neem glad geen losprys in aanmerking nie, en hy willig nie in nie al maak jy die omkoop geskenk nog so groot.*

Moet ons dan wraak neem en vergeld?

Jeremia *20:11-12 Maar die HERE is met my soos ‘n geweldige held; daarom sal my vervolgers struikel en nie oorwin nie; hulle staan diep beskaamd, omdat hulle nie geslaag het nie, ‘n ewige smaad wat nie vergeet sal word nie. (12) Maar, HERE van die leërskare, wat die regverdige toets, wat die niere en die hart sien—laat my u wraak sien op hulle, want aan U het ek my regsaak toevertrou.*

Romeine *12:9-20 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; (10) wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; (11) wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here; (12) verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed. (13) Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; (14) seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; (15) wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween; (16) wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; (17) vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; (18) as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. (19) Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.*

Daar is egter ook wraak in ongeregtigheid. Voorbeeld: Ek en ‘n makker het saam geld gesteel en toe loop hy met alles weg en ek wil nou geregtigheid laat geskied, maar ek kan nie. Daar was nie

liefde betrokke nie, maar net ongeregtigheid wat deur nog ongeregtigheid vergeld wil word. Dit word net al donkerder en swarter.

Liefde is soos ‘n bal, maar ons is net aan die een kant van die bal bekendgestel. Wanneer ons dan weer na God kyk en na sy liefde kyk, moet ons weet daar is meer as net die sagte kant van omgee en versorg, maar daar is ook die vernietigende deel wat noodwendig bestaan, omdat dit deel van liefde is.

Ons ken net die voorkant en weet nie eers dat ons ‘n deel van die bal is wat ons nog nooit gesien het nie.

Net soos ‘n bal nie net uit een helfte kan bestaan nie, want dan is dit nie ‘n bal nie, net so kan liefde nie bestaan sonder die ander eienskappe nie.

Die openbaring wat ons moet sien, is dat die helfte van liefde wat ons ken, nie liefde is nie, maar ons dink net dit is.

Levítikus *26:23-25 En as julle hierdeur jul nie deur My laat tugtig nie, maar julle teen My versit, (24) sal Ek My ook teen julle versit en julle ook sewevoudig tref weens julle sondes. (25) En Ek sal ‘n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word*.

Liefde sonder haat is nie liefde nie. Liefde wat nie die kwaad vergeld nie was toe nooit liefde nie. Liefde wat nie jaloers is nie, is nie liefde nie. Ons is geleer dat hierdie eienskappe verkeerd is en ons het dit ons begrip van die liefde van God gemaak, maar sonder dit is dit nie liefde nie en het ons nie lief nie, want ons weet nie wat liefde beteken nie.

God sê vir Israel Hy is ‘n jaloerse God op hulle. Hoekom? Omdat Hy lief is vir hulle en Hy word geweldig jaloers en kwaad as hulle ander gode liefhet. **OMDAT HY HULLE LIEF HET, IS HY JALOERS OP HULLE**. As hy nie lief was vir hulle nie, sou dit Hom die minste geskeel het watter gode hulle liefhet nie. Omdat Hy net vir Israel lief is en nie vir die ander nasies nie, is Hy nie jaloers op die ander naises se liefde vir ander gode nie.

Deuteronómium *4:19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie—dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het*.

Wanneer Hy iemand dus liefhet en daardie mens het Hom nie terug lief nie, maar is lief vir Mammon of Bagus of homself, maak dit God baie jaloers. Jaloesie gaan oor in woede en woede in wraak as daardie geliefde van Hom, homself nie sou bekeer tot God nie.

As Hy sy lewe vir my opoffer, uit sy liefde vir my, en ek klap sy hand weg, wat is my verwagting? Omdat die godsdiens ons net blootgestel het aan die een kant van liefde weet ons nie van die ander kant nie. Een van die gevaarlike eienskappe van liefde is wraak. God sal jou volg en jou soek totdat Hy jou gekry het en dan sal Hy jou op wreedaardige wyse vernietig. Dit is wraak, dit is God, die God van liefde.

Hebreërs *10:28-31 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; (29) hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?*

(30) Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. (31) Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.